

DIE PROVINSIE TRANSVAAL



THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Buitengewone Offisiële Roerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)



Official Gazette Extraordinary

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B.

OORSEE: 50c

PRICE: S.A. 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

Volume 233

PRETORIA 14 SEPTEMBER 1990

4708

Offisiële Kennisgewing

KENNISGEWING 60 VAN 1990

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BE-HUISING EN WERKE

STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE OPENBARE GERIEWE

Die Minister van Begroting en Plaaslike Bestuur het kragtens artikel 96bis van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939) (Transvaal) die standaardverordeninge in die Bylae opgestel.

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

“kennisgewing” ’n duidelike en leesbare amptelike kennisgewing deur ’n raad opgestel in beide amptelike landstale en wat op las van die raad by elke ingang tot of op ’n oopsigtelike plek in, by of op ’n openbare gerief deur die raad aangebring is, en waarby die raad bepalings of voorskrifte wat hy ingevolge ’n verordening aangeneem het, bekend maak;

“openbare gerief”

(a) enige grond, plein, kampeerterrein, swembadterrein, openbare oord, ontspanningsgrond, natuurreservaat, diere-, botaniese- of ander tuin, park of wandelpad, met inbegrip van enige gedeelte daarvan en enige fasilitet of apparaat daarin of daarop, maar uitgesonderd enige publieke pad of straat;

(b) enige gebou, struktuur, saal, kamer of kantoor met inbegrip van enige gedeelte daarvan en enige fasilitet of apparaat daarin,

wat die eiendom is van, of besit, beheer of gehuur word deur ’n raad en waartoe die algemene publiek toegang het, hetsy teen betaling van toegangsgeld al dan nie;

(c) ook enige openbare gerief in paragrawe (a) en (b) bedoel, indien dit wettiglik ingevolge ’n ooreenkoms deur ’n ander persoon as die raad beheer en bestuur word,

en wat geleë is binne ’n gebied wat in verklaarde plaaslike bestuursgebied ten opsigte van die Blanke bevolkingsgroep is;

“raad” ’n plaaslike bestuur soos omskryf in artikel 2 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939) (Transvaal), binne wie se regsgebied ’n

Offisial Notice

NOTICE 60 OF 1990

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT, HOUS-ING AND WORKS

STANDARD PUBLIC AMENITIES BY-LAWS

The Minister of the Budget and Local Government has, under section 96bis of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939) (Transvaal), made the standard by-laws in the Schedule.

SCHEDULE

Definition

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

“council” means a local authority as defined in section 2 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939) (Transvaal), within who’s area of jurisdiction a public amenity is situated, or someone who legally acts on the authority, or as the delegate of such council;

“notice” means a clear and legible official notice drawn up by a council in both official languages and displayed by order of the council at every entrance to or at a conspicuous place at or on a public amenity and to which the council shall make known provisions and directions adopted by it in terms of a by-law;

“public amenity” means —

(a) any land, square, camping site, swimming-bath, public resort, recreation site, nature reserve, zoological, botanical or other garden, park or hiking trail, including any portion thereof and any facility or apparatus therein or thereon, but excluding any public road or street;

(b) any building, structure, hall, room or office including any part thereof and any facility or apparatus therein,

which is the property of, or is possessed, controlled or leased by a council and to which the general public has access, whether on payment of admission fees or not;

(c) also any public amenity contemplated in paragraphs (a) and (b), if it is lawfully controlled and managed in terms of an agreement by a person other than the council

openbare gerief geleë is, of iemand wat wettiglik op gesag of magtiging, of as gedelegeerde, van so 'n raad handel.

Maksimum getal besoekers

2.(1) 'n Raad kan die maskimum getal besoekers wat op 'n bepaalde tydstip in of by 'n openbare gerief aanwesig mag wees, bepaal: Met dien verstande dat verskillende getalle aldus vir verskillende openbare geriewe bepaal kan word.

(2) Die getalle in subartikel (1) bedoel, word deur die betrokke raad bekend gemaak by wyse van 'n kennisgiving.

Toegang tot en verblyf in 'n openbare gerief

3.(1) 'n Openbare gerief is, behoudens die bepalings van hierdie verordeninge, oop vir die publiek op die tye wat die betrokke raad bepaal: Met dien verstande dat verskillende tye ten opsigte van verskillende openbare geriewe aldus bepaal kan word.

(2) Geen besoeker mag 'n openbare gerief binnegaan of verlaat op 'n ander plek as die wat vir daardie doel aangedui is nie.

(3) Die betrokke raad kan behoudens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Transvaal) enige openbare gerief tydelik vir besoekers sluit in die geval van 'n noodtoestand of vir die doeleinnes van die herstel of onderhou van sodanige openbare gerief.

(4) Die tye en plekke in subartikels (1) en (2) bedoel, word deur die betrokke raad by wyse van 'n kennisgiving bekend gemaak.

Toegangsgelde

4.(1) 'n Besoeker aan 'n openbare gerief betaal die toegangsgelde wat van tyd tot tyd deur die betrokke raad vasgestel word en sodanige toegangsgelde word by wyse van kennisgiving bekend gemaak.

(2) Verskillende toegangsgelde kan aldus ten opsigte van besoekers van verskillende ouderdomme vasgestel word.

Oorlaste

5. Geen persoon mag in of by 'n openbare gerief enige van die volgende handelinge verrig of toelaat dat dit verrig word nie —

(a) die gebruik van taal of die verrigting van enige ander handeling wat daarop bereken is om die goeie orde te versteur;

(b) die afvuur van vuurwapens, windbukse, windpistole, vuurwerke of die gebruik van rekkers, slingervelle of kata-pulte;

(c) die verbrand van rommel of vullis;

(d) die veroorsaking van onaangename of aanstootlike reuke;

(e) die verwekking van rookoorlaste; of

(f) die veroorsaking van steurings deur bakleery, geskree, getwis of gesing of die bespeling van musiekinstrumente, of die gebruik van luidsprekers, radio-ontvangtoestelle, televisiestelle of soortgelyke toerusting.

Gesondheidsaangeleenthede

6. Geen persoon mag in of by 'n openbare gerief —

(a) enige vullis, afvalstof, materiaal, enige stof of ding stort, laat val of neersit of toelaat dat dit gedoen word, behalwe in 'n houer wat vir daardie doel in of op die gerief ver-skaf is nie;

(b) op enige wyse die water in enige bad, swembad, dam, spruit, rivier of waterloop besmet of besoedel nie;

and which is situated within a declared local government area in respect of the White population group.

Maximum number of visitors

2.(1) A council may determine the maximum number of visitors who may be present at a specific time in or at a public amenity: Provided that different numbers may so be determined for different public amenities.

(2) The numbers contemplated in subsection (1) are made known by the council concerned by means of a notice.

Admission to and sojourn in a public amenity

3.(1) A public amenity is, subject to the provisions of these by-laws, open to the public on the times determined by the council concerned: Provided that different times may be determined in respect of different public amenities.

(2) No visitor shall enter or leave a public amenity at a place other than that indicated for that purpose.

(3) The council concerned may subject to the Local Government Ordinance, 1939 (Transvaal) temporarily close any public amenity to visitors in case of an emergency or for the purposes of repair to or maintenance of such public amenity.

(4) The times and places contemplated in subsections (1) and (2) shall be made known by the council concerned by means of a notice.

Entrance fees

4.(1) A visitor to a public amenity shall pay the entrance fees determined from time to time by the council concerned and such entrance fees shall be made known by means of a notice.

(2) Different entrance fees may so be determined in respect of visitors of different ages.

Nuisances

5. No person shall perform or permit any of the following acts to be performed in or at a public amenity —

(a) the use of language or the performance of any other act with the purpose of disturbing the good order;

(b) the firing of firearms, airguns, air pistols, fireworks or the use of sling-shots or catapults;

(c) the burning of rubble or refuse;

(d) the causing of unpleasant or offensive smells;

(e) the production of smoke nuisances; or

(f) the causing of disturbances by fighting, shouting, arguing, singing or the playing of musical instruments, or the use of loudspeakers, radio reception devices, television sets, or similar equipment.

Health matters

6. No person shall in or at a public amenity —

(a) dump, drop or place any refuse, rubble, material or any object or thing or permit it to be done, except in a container provided for that purpose in or at the amenity;

(b) pollute or contaminate in any way the water in any bath, swimming-bath, dam, spruit, river or water-course;

(c) in enige bad of swembad gaan nie terwyl hy aan 'n besmetlike of aansteeklike siekte ly of oop wonde aan sy liggaam het nie;

(d) enige handeling verrig wat die gesondheid van enige besoeker aan 'n openbare gerief kan benadeel nie.

Strukture

7. Geen persoon mag sonder die voorafverkreeë skriftelike toestemming van die betrokke raad enige struktuur, skerm of enigets anders, behalwe 'n woonwa of tent wat vir kampeerdoeleindes opgerig is op 'n terrein wat spesifiek by kennisgewing daarvoor afgesonder is, in of op 'n openbare gerief oprig of aanbring nie: Met dien verstande dat aansoek om sodanige toestemming minstens 21 dae voor sodanige oprigting by die raad op 'n vorm wat vir daardie doel verskaf word, gedoen moet word.

Drank en voedsel

8.(1) Geen persoon mag in stryd met 'n bepaling van 'n kennisgewing enige alkoholiese of enige ander drank of enige voedsel van welke aard ook al in 'n openbare gerief inbring nie.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (1), mag geen persoon op, in of by 'n openbare gerief in stryd met 'n bepaling van 'n kennisgewing enige voedsel van welke aard ook al gaarmaak of voorberei nie, behalwe op plekke wat vir so 'n doel by kennisgewing afgesonder is: Met dien verstande dat die voorbereiding en gaarmaak van voedsel in of by 'n openbare gerief op 'n skoon en sanitêre wyse moet plaasvind sodat dit nie aanleiding tot buitensporige rook of ander oorlaste, of enige gevaar vir die gesondheid inhoud nie: Met dien verstande voorts dat geen lewendige diere, pluimvee of visse op, in of by 'n openbare gerief doodgemaak of afgeslag mag word nie.

Diere

9.(1) Geen persoon mag enige lewendige dier, voël, vis of pluimvee in 'n openbare gerief inbring nie behalwe ooreenkomsdig voorskrifte van die betrokke raad: Met dien verstande dat verskillende voorskrifte ten opsigte van verskillende openbare geriewe en verskillende soorte diere, voëls, visse of pluimvee aldus bepaal kan word.

(2) Die voorskrifte in subartikel (1) bedoel, word by wyse van kennisgewing bekend gemaak.

Leeglêery

10. Geen persoon wat 'n leeglêerslewe lei of wat oor geen bepaalbare en wettige heenkome beskik nie of wat 'n lui, losbandige of wanordelike bestaan voer of wat uit gewoonte in 'n openbare straat, openbare plek of ander nie-private plek slaap of wat uit gewoonte geld of goedere bedel of ander beweg om namens hom om geld en goedere te bedel, mag in 'n openbare gerief rondslenter of vertoeft nie.

Byeenkomste en optogte

11.(1) Geen persoon mag sonder die toestemming van die betrokke raad, of in stryd met enige voorwaarde wat die raad by die verlening van sodanige toestemming mag ople, in of by 'n openbare gerief —

(a) 'n openbare vermaakklikheid reël, aanbied of bywoon nie;

(b) geld of enige ander goedere vir liefdadigheid of enige ander doel van die algemene publiek insamel nie;

(c) enige pamphlet, plakaat, skildery, boek, strooibiljet of enige ander gedrukte, geskrewe of geskilderde werk vertoon of versprei nie;

(d) enige vergadering reël, hou, toespreek of bywoon nie;

(c) enter any bath or swimming-bath while suffering from an infectious or contagious disease or having an open wound on his body;

(d) perform any act that may detrimentally affect the health of any visitor to a public amenity.

Structures

7. No person shall, without the written consent of the council concerned having first been obtained erect or establish in or on a public amenity any structure, shelter or anything else, except a caravan or tent erected for camping purposes on a site specifically set aside therefor by notice: Provided that application for such consent shall be made to the council on a form provided for that purpose, at least 21 days before such erection.

Liquor and food

8.(1) No person shall, contrary to a provision of a notice, bring into a public amenity any alcoholic or any other liquor or any food of whatever nature.

(2) Subject to the provisions of subsection (1) no person shall on, in or at a public amenity, contrary to a provision of a notice, cook or prepare food of any kind whatsoever, except at places set aside for such purposes by notice: Provided that the preparation and cooking of food in or at a public amenity shall be done in a clean and sanitary manner so as not to give rise to excessive smoke or other nuisances or entail any danger to health: Provided further that no live animals, poultry or fish may be killed or skinned on, in or at a public amenity.

Animals

9.(1) No person shall bring any live animal, bird, fish or poultry into a public amenity except in accordance with the directions of the council concerned: Provided that different directions may so be determined in respect of different public amenities and different types of animals, birds, fish and poultry.

(2) The directions contemplated in subsection (1), shall be made known by means of a notice.

Loitering

10. No person leading the life of a loiterer or who lacks any determinable and legal refuge or who leads a lazy, debauched or disorderly existence or who habitually sleeps in a public street, public place or on a private place or who habitually begs for money or goods or persuades others to beg for money or goods on his behalf, may loiter or linger about in a public amenity.

Gatherings and processions

11.(1) No person shall without the consent of the council concerned, or contrary to any conditions which the council may impose when granting such consent —

(a) arrange, present or attend any public entertainment;

(b) collect money or any other goods for charity or any other purpose from the general public;

(c) display or distribute any pamphlet, placard, painting, book, handbill or any other printed, written or painted work;

(d) arrange, hold, address or attend any meeting;

- (e) 'n openbare byeenkoms of optog, uitstalling of uitvoering reël, hou of bywoon nie;
- (f) enige ambag, beroep of besigheid bedryf nie;
- (g) enige ware of artikels uitstal, verkoop of verhuur of te koop of te huur aanbied nie;
- (h) 'n veiling hou of bywoon nie;
- (i) teen vergoeding waarséery beoefen nie.

(2) By die toepassing van hierdie verordening beteken "openbare byeenkoms of optog" 'n byeenkoms of optog van 12 of meer persone.

(3) Toestemming in subartikel (1) bedoel, word slegs gevraai indien die raad van oordeel is dat —

- (a) dit aanleiding sal gee tot —
 - (i) openbare oproer;
 - (ii) openbare rusverstoring;
 - (iii) die pleeg van 'n misdryf;
- (b) dit skadelik vir die publiek of die verbruikers van of besoekers aan die openbare gerief sal wees; of
- (c) dit skadelik vir die betrokke openbare gerief sal wees.

(4) 'n Persoon wat die skriftelike toestemming van die raad vir enige handeling in subartikel (1) bedoel, verlang, moet minstens 21 dae voor sodanige handeling skriftelik op die vorm wat vir dié doel voorsien word, by die raad aansoek doen.

Veiligheid en orde

12.(1) Geen persoon mag, behoudens subartikel (2) in of by 'n openbare gerief —

- (a) enigets binne so 'n gerief beskadig of ontsier nie;
- (b) enigets binne so 'n gerief gebruik of poog om dit te gebruik vir 'n ander doel as waarvoor dit bestem of by kennisgewing bepaal is nie;
- (c) 'n vuur aansteek of vleis braai nie, behalwe op 'n plek wat vir daardie doel by kennisgewing aangedui is;
- (d) enige brandende of smeulende voorwerp weggoei nie;
- (e) enige rots, klip of voorwerp van enige berg, koppie, skuinste, krans of wal gooi of afrol nie;
- (f) enige boom, plant, struik, gewas of blom uittrek, pluk of beskadig nie;
- (g) hom op 'n onbehoorlike, onfatsoenlike, oproerige, gewelddadige of onbetaamlike wyse bedra nie;
- (h) 'n steurnis veroorsaak nie;
- (i) 'n voertuig was, poleer of herstel nie: Met dien verstande dat die voorgaande bepaling van hierdie paragraaf nie van toepassing is op die noodherstel van 'n voertuig nie;
- (j) in 'n blombedding loop, staan, sit of lê nie;
- (k) enige dier, voël of vis doodmaak, beseer, agtervolg, pla, mishandel of vang of 'n voëlnes of eiers verplaas, versteur, vernietig of verwyn nie;
- (l) in stryd met 'n bepaling van 'n kennisgewing op gras loop, staan, sit of lê nie;
- (m) op 'n bank of sitplek lê of dit op so 'n wyse gebruik dat ander gebruikers of voornemende gebruikers dit onmoontlik vind om daarvan gebruik te maak nie;

- (e) arrange, hold, address or attend a public gathering or procession, exhibition or performance;
- (f) conduct any trade, occupation or business;
- (g) display, sell or rent out or present for sale or rent any wares or articles;
- (h) hold or attend an auction;
- (i) tell fortunes for compensation, in or at a public amenity.

(2) For the purposes of this by-law "public gathering or procession" shall mean a procession or gathering of 12 or more persons.

(3) Consent contemplated in subsection (1), shall be refused only if the council is of opinion that —

- (a) it would give rise to —
 - (i) public rioting;
 - (ii) the disturbance of public peace;
 - (iii) the committing of an offence;
- (b) it would be detrimental to the public or the users of or visitors to the public amenity; or
- (c) it would be detrimental to the public amenity concerned.

(4) Any person who requires the council's written consent for any action contemplated in subsection (1), shall apply in writing to the council at least 21 days before such action on the form provided for this purpose.

Safety and order

12.(1) No person shall, subject to subsection (2), in or at a public amenity —

- (a) damage or disfigure anything within such amenity;
- (b) use or try to use anything within such amenity for any purpose other than that for which it is designated or determined by notice;
- (c) light a fire or barbecue meat, except at a place indicated for that purpose by notice;
- (d) throw away any burning or smouldering object;
- (e) throw or roll down any rock, stone or object from any mountain, koppie, slope or cliff;
- (f) pull out, pick or damage any tree, plant, shrub, vegetation or flower;
- (g) behave himself in an improper, indecent, unruly, violent or unbecoming manner;
- (h) cause a disturbance;
- (i) wash, polish or repair a vehicle: Provided that the foregoing provision of this paragraph shall not be applicable to the emergency repair of a vehicle;
- (j) walk, stand, sit or lie in a flower bed;
- (k) kill, hurt, follow, disturb, ill-treat or catch any animal, bird or fish or displace, disturb, destroy or remove any bird nests or eggs;
- (l) walk, stand, sit or lie on grass contrary to the provisions of a notice;
- (m) lie on a bench or seating-place or use it in such a manner that other users or potential users find it impossible to make use thereof.

(n) op speelparktoerusting speel of sit nie, behalwe indien die betrokke persoon 'n kind onder die ouderdom van 13 jaar is; of

(o) instryd met 'n bepaling van 'n kennisgewing in 'n visdam, spuitfontein, stroom of vyver swem, loop of speel nie.

(2) 'n Raad kan by wyse van kennisgewing enige van die handelinge in subartikel (1) bedoel, en onderworpe aan die voorskrifte wat die raad nodig ag en in die kennisgewing vermeld, magtig.

Water

13. Geen persoon mag in of by enige openbare gerief enige waterbron of watertoevoer misbruik, besmet of besoedel, of water vermors nie.

Wasgoed en skottelgoed

14. Geen persoon mag in of by 'n openbare gerief enige skottelgoed of wasgoed was of klere uithang nie, behalwe op plekke wat vir daardie doel by 'n kennisgewing aangedui is.

Voertuie

15.(1) Geen persoon mag enige vrugmotor, bus, motorkar, motorfiets, motordriewiel, fiets of enige ander voertuig, vaartuig of vliegtuig hetsy by wyse van meganiese, dierlike, natuurlike of menslike krag aangedryf, in 'n openbare gerief inbring nie, behalwe ooreenkomsdig die voorskrifte van die betrokke raad: Met dien verstande dat verskillende voorskrifte ten opsigte van verskillende openbare geriewe en verskillende sodanige voertuie, vaartuie of vliegtuie aldus bepaal kan word.

(2) Die raad kan die snelheidsgrens wat van toepassing is in 'n openbare gerief bepaal: Met dien verstande dat verskillende snelheidsgrense ten opsigte van verskillende openbare geriewe en verskillende sodanige voertuie, vaartuie of vliegtuie aldus bepaal kan word.

(3) Die voorskrifte in subartikel (1) bedoel en die snelheidsgrense in subartikel (2) bedoel, word by wyse van kennisgewing deur die raad bekend gemaak.

Spele

16. Geen spel van welke aard ook al mag in of op 'n openbare gerief gespeel of bedryf word deur enige persoon of persone nie, behalwe op die plekke wat vir daardie doel by kennisgewing afgesonder is en ooreenkomsdig die voorskrifte van die raad wat by wyse van kennisgewing aldus bekend gemaak word.

Onbetaamlike of onwelvoeglike gedrag

17. Geen persoon mag in of by 'n openbare gerief —

(a) 'n onwelvoeglike daad verrig of hom op onbetaamlike wyse gedra deur blootstelling van sy persoon of andersins, of onbetaamlike gebare maak of iemand uitlok of aanspoor om 'n wanordelike of onwelvoeglike daad te verrig nie;

(b) liederlike, onkuise, vuil of onfatsoenlike taal besig nie;

(c) 'n liederlike of onsedelike figuur, geskrif, tekening of voorstelling skryf, verf, teken of op enige wyse maak nie;

(d) ontlaas, urinier of ontklee nie behalwe in 'n gebou of op 'n perseel wat vir daardie doel bestem of by kennisgewing aangedui is, of 'n toiletgerief wat vir lede van die teenoorgestelde geslag bedoel of as sodanige by kennisgewing aangedui is, binnegaan of gebruik nie.

Kleredrag

18. 'n Besoeker aan of 'n gebruiker van 'n openbare gerief moet te alle tye in die openbaar welvoeglik geklee wees.

(n) play or sit on playpark equipment, except if the person concerned is a child under the age of 13 years; or

(o) swim, walk or play, contrary to the provisions of a notice, in a fish-pond, fountain, stream or pond.

(2) The council may by way of notice and subject to such conditions as the council deems necessary and mentioned in the notice authorise any of the actions contemplated in subsection (1).

Water

13. No person may misuse, pollute or contaminate any watersource or water supply or waste water in or at any public amenity.

Laundry and crockery

14. No person may in or at a public amenity wash any crockery or laundry or hang out clothes, except at places indicated by notice for that purpose.

Vehicles

15.(1) No person may bring into a public amenity any truck, bus, motorcar, motor cycle, motor tricycle, bicycle or any other vehicle, craft or aeroplane, whether driven by mechanical, animal, natural or human power, except in accordance with the directions of the council concerned: Provided that different directions may be determined for different public amenities and for different such vehicles, craft or aeroplanes.

(2) The council may determine the speed limit applicable in a public amenity: Provided that different speed limits may be determined for different public amenities and for different such vehicles, craft or aeroplanes.

(3) The directions contemplated in subsection (1) and the speed limit contemplated in subsection (2) shall be made known by the council by way of notice.

Games

16. No game of any nature whatsoever shall be played or conducted in or on a public amenity by any person or persons except at places set aside for that purpose by notice and in accordance with the directions of the council and which is made known by way of notice.

Improper or indecent behaviour

17. No person may in or at a public amenity —

(a) perform an indecent act or conduct himself improperly by exposure of his person or otherwise, or make improper gestures or incite or urge someone to perform a disorderly or indecent act;

(b) use foul, lewd, dirty or indecent language;

(c) write, paint, draw or in any way make a filthy or immoral figure, writing, drawing or representation;

(d) defecate, urinate or undress, except in such building or on a premises intended or indicated by notice for such purpose or enter or use a toilet facility intended or indicated as such by notice for members of the opposite sex.

Clothing

18. Visitors to or a user of a public amenity at all times shall be clothed decently in public.

Bevoegdhede van 'n persoon in beheer

19. 'n Persoon wat deur 'n raad aangestel is om beheer oor 'n openbare gerief uit te oefen, kan —

(a) in 'n openbare gerief te eniger tyd enige plek, grond, perseel of gebou betree en aldaar ondersoek instel ten einde vas te stel of die bepalings van hierdie verordeninge nagekom word;

(b) vir die beter uitoefening van enige bevoegdheid, of die uitvoering van enige funksie of plig deur die raad aan hom verleen of opgedra, 'n tolk saamneem wat, terwyl hy onder die wettige bevel van so 'n persoon optree, dieselfde bevoegdhede, funksies en pligte as so 'n persoon het.

Strafbepalings**20. Enige persoon wat —**

(a) 'n bepaling van hierdie verordeninge, of van enige bepaling of voorskrif kragtens hierdie verordeninge deur 'n raad aangeneem en by kennisgewing bekend gemaak, of van 'n voorwaarde kragtens so 'n verordening opgelê, oortree of versuum om daaraan te voldoen, ongeag of sodanige oortreding of versuum elders in hierdie verordeninge tot 'n misdryf verklaar is, al dan nie;

(b) enige persoon in die uitoefening van enige bevoegdheid of die uitvoering van enige plig of funksie ingevolge 'n bepaling van hierdie verordeninge opsetlik dwarsboom, hinder of belemmer; of

(c) vase, onjuiste of misleidende inligting verstrek wanneer hy ingevolge 'n bepaling van 'n verordening aansoek om die toestemming van 'n raad doen,

is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R300 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande en, in die geval van 'n voortdurende oortreding, 'n boete van hoogstens R25 of met gevangenisstraf vir hoogstens een maand vir elke dag waarop die ootreding voortgeduur het.

0310K/

Powers of a person in control

19. A person appointed by a council to control a public amenity may —

(a) in a public amenity at any time enter upon any place, land, premises or building and conduct an investigation thereat in order to determine whether the provisions of these by-laws are complied with;

(b) for the better exercising of any power or the performance of any function or duty assigned or granted to him, take along an interpreter who, while acting under the lawful order of such a person, shall have the same powers, functions and duties as such person.

Penalties**20. Any person who —**

(a) contravenes or fails to comply with a provision of these by-laws or a direction adopted by a council under these by-laws and which has been made known by notice, or of a condition imposed under such by-law, irrespective of whether such contravention or failure has been declared as an offence elsewhere in these by-laws, or not;

(b) deliberately obstructs, hampers or handicaps any person in the execution of any power or the performance of any duty or function in terms of any provision of these by-laws; or

(c) furnishes false, incorrect or misleading information when applying for permission from a council in terms of a provision of a by-law,

shall be guilty of an offence and if found guilty shall be punishable with a fine of not exceeding R300 or with imprisonment for a period not exceeding 12 months and, in the event of a continuing contravention, a fine not exceeding R25 or with imprisonment not exceeding one month for each day that the contravention continued.

/0280H

**Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta by
Aurora Printers, 161 Mitchell Street, Pretoria West.**

**Gedruk vir die Transvaalse Provinciale Administrasie, Pta
deur Aurora Drukpers, Mitchellstraat 161, Pretoria-Wes.**